basis gewerk.
Ek het die res van die mediese kaste uitgepak, en weer besef hoe 'n tekort aan pakplek ek het.
Ek het die kos vir die volgende kookbeurt uitgesit. Toe het ek die spons se vloer skoon geskrop, en reggepak.
Dehalle en Pete het weer vir ons die kleurfilms gewys wat hul self ontwikkel het.
Behalwe dat almal met eie werk besig was het ons gesels. Vanaand het ons hoofsaaklik gesels oor seks. Ons het oor die naakte waarheid gesels, en natuurlik baie gestry. Dit was werklik ons eerste vol-lengte bespreking, en ook die interessantste.
Ons het vandag baie slegte nuus gekry, wat my baie skok laat voel het, en dit is dat oom Maarten Coetzee gisteraand 9 nm oorlede

Dinsdag 11 Maart 1969. Lisiemy Hottel in Kaapstad.

Vandag was ek 'n baie lang tyd buite, en het dit werklik geniet. Die wind was ± 20 knope, met sneeu, en die temp ± -5°C.
Clive, Wilf en ek het die toegesneeude borga en werktuigkundige goed bymekaargemaak en op die onderskeie stellasies en slee gepak.
Ek het toe een van die honde, Tyaas geneem vir 'n uitstappie, wat hy baie geniet het. Terwyl ek op een stadium te lank op 'n plek stil sit en rook het, het hy so 'n slag of twee getjank, en my voet op my knie gesit, om te sê ons moet aangaan. Soms, asek vir hom skreeu: „trek", trek hy met alle geweld – in 'n reguit rigting voor hom uit, en moet ek keer om hom te beheer. Met die terugkom, toe ek hom weer vasmaak, was die ander honde baie opgewonde, en wou soort van met baklei. Al wat hy gedoen het, was om styf teen my bene te loop, en net so af en toe na links of regs te knor.

Ek het Clive en Gordon toe gehelp om twee hondeslee uitte grawe. Die een was toegesneeu, sodat die spat naaw ons gestaan het, tot by my gordel gekom het. Die een slee is wat die S.P. by die ons Noorweegse stawe gekry het, en is al vanaf 1949 op Antarktika. Dit is Noorweegs, en het toe afgekom saam met die Engels, Noorweegs, Hollandse ekspedisie.

Vanaand het ek 'n paar ritssluiters herstel, omdat ons baie waarskynlik môre sal vertrek as die weer aanhou so te verbeter. Henry en ek het ook vir my 'n paar ski's sowel as ski skoene in orde gekry. Ek het ook my kamera nagegaan. Deur die verloop van die aand het die temp. geleidelik saam met die druk begin sak, en die wind weer sterker geword. Ons sal nou maar moet sien en kyk wat gaan gebeur.

Ons het ook geen briewe ontvang nie, omdat radio toestande baie versleg het. Ons kan Borton en Leon slegs hoor praat, maar kan niks uitmaak nie.

~~Henry en ek het [illegible]~~

Woensdag 12 Maart 1964.

Ek het vandag eers na middagete opgestaan, en het effe lyfpyn gevoel na gister se aktiwiteite buite.

Die weer het tog oornag weer versleg. Die wind was 20-30 knope, met sneeuwal en swak sigbaarheid. Ons vertrek is gevolglik weer uitgestel tot moontlik môre. Toestande lyk tog of dit gunstiger gaan word, en ons voorbereidsels is soort van gefinaliseer.

Ek het aangegaan om die hospitaal te probeer organiseer. Dit is 'n baie groot werk, en sal my nog lank besig hou. Terwyl ek besig was het Adolf vir 23 uur van sy vorige besoeke se skyfies gewys. Die paar wat ek gesien het was van fantastiese gehalte, en

HAAIX BUL

DANKIE WELKOM BRIEWE X GAAN GOED HIER X DOEN NOG ORTOPEDIE TOT EINDE JUNIE X DAARNA CHIRURGIE VIR EEN JAAR X BENNIE ROUX EN GESIN VIR WEEK HIER GEKUIER X HET SWART MINIATUUR POEDEL GEKOOP X MARIE EBNER KOM APRIL SKOOLVAKANSIE HIER KUIER X GAAN MEI SAAM MET BENNIE EN GESIN NA DURBAN VIR WEEK X GELDENHUIS GEOFF COETZEE EN MACMAHON OOK HIER X WEICH EINDE MAANDED TERUG UIT LEER X ATMOSFEER DIESELFDE X KUIER [illegible] NOOIT OOR EN WEER X MIS MY PILLE X IS STEEDS ONWRIGBAAR X SAL BINNEKORT KONTAK PER RADIO OP WOENSDAG 193o UUR X SKRYF GOU

GROETE DAANTJIE EN JOAN

LIEFSTE ALPHEUS

BAIE DANKIE VIR AL DIE BRIEFIES EK HOOP JY GAAN NIE TE LANK BERGE TOE NIE X SAL ONS DAN NOG JOU KAN KONTAK X MY FOON BY DIE SKOOL IS 28 MAAR EK IS DIE MIDDAG OM 5.30 NM OOK HIER AS EK VOORAF WEET VAN DIE OPROEP SAL DIE SENTRALE DIT VIR MY DEURSKAKEL WAAR EK SAL WEES X RINA IS DIERBAAR SY SKRYWE GEREELD EN STUUR HAAR BOODSKAPPE X ALLES VAN DIE BESTE X LIEFDE EN VERLANGE X MA EN PA

almal het my verseker dat die res wat hul gesien het van dieselfde standaard was. Dit was hoofsaaklik van die berge, en maak my nog meer gretig om te gaan.

Ons - Wilf, Clive en ek het 'n hele gespottery oor die plaas van my waar ek met „niks" boer, hoe mooi dit groei, rank, stoel, saadskiet ens. Baie hoogs amusante aanmerkings het hieruit al voortgevloei. Vandag bv. het Wilf 'n plastiese blom iewers gekry, en dit in die sneeu geplant waar dit al ± 3 ft hoog onder in die skag lê, soos dit vanaf die begin van die storm deur die deksel toe sif. Dan-dat dit nie dig pas. Hy het my toe spesiaal kom roep om vir my te wys dat hy tog een van die rare blomme van die „niks" raakgeloop het.

Weens slegte radiosteurings het ons weer geen briewe gekry nie. Môre is amptelike oproepe, en dan word geen briewe ontvang nie. D.w.s. as ons môre ry, sal ek nie gou 'n brief kry nie, afhangende van hoe goed ons radioverbindings met die basis is, dat hul dit kan voorlees vir ons. Van Anton en Leon het ons ook nog nie weer iets gehoor nie.

Donderdag 13 Maart 1969.

Vandag het ons finale voorbereidings getref om môre te vertrek.

Wilf, Clive, Chris en ek het buite eers die slees — 3 agter elke Muskeg — gaan haal by die noodgarage — ± 300 tree Noord van die basis. Die oppervlakte is swak. So dat die een Muskeg later nie 'n meer verder teen die effense helling kon uitkom nie. Ons het toe dit agter die 3e slee gehak van die voorste Muskeg, en so kon hul twee voortbeweeg.

Na ons die Muskegs vol petrol gelaai het, het - 4 dromme van 44 gel elk op elke Muskeg - het Clive en Wilf hul olie getap en vervang.

Na middagete het ons toe begin om die ~~slee~~ slee te "laai".

Die vrag is ontsettend swaar, en ek wonder hoe ons oor die weg gaan kom. Die oppervlakte is ook nie goed. Vandag was dit mooi sonskyn, dog die temp was −13°C. Teen middernag was dit −21°C. Met 'n skielike baie lae daling van temp word die oppervlakte mooi hard, maar dit moet meer as −21°C wees.

Aan die kos gesels sal ons maar kouend in die veld kry. Chris lyk gunstig baie gelukkig met die idee nie. Die ergste is ons voete en hande, en dan die slaapsak. Ek sal maar sien wat voorle vir ons. Ek hoop dat ek my dagboek gereeld op datum kan hou.

Die noodradio word smags op radio RSA gelos, en kan ons met die oorfone luister. So nou en dan hoor 'n mens nuus, en het ons darem voeling met die buitewereld.

Ek het vandag 'n brief van Ma gekry, dog van Rina het ek nog geen woord gehoor nie. Ek het twee telegramme uitgeskryf, vir Ma en Rina, en 'n brief vir Otto-hulle in Marienthal. Ook notas vir Henry om met Ma te praat as die oproepe 20/3/64 deurkom.

Vrydag 14 Maart 1964.

Ons het toe uiteindelik vandag weggekom. Danny het ons 6 om kom wakker maak. Terwyl Chris en ek ons persoonlike bagasie uit die skag getrek het, het Clive en Adolf die Muskegs aan die gang gekry. Ons het baie met die 6 silinder se aansitter gesukkel, sodat hul dit eers na middagete aan die gang gekry het. Ons het toe eers vir Gordon gehelp om Frieda (Die ou Muskeg) aan die loop te kry.

Ons het eers 3:40 van die Basis af wegge-

Kom. Clive en ek in die 6 silinder, en Wilf en Chris in die 8 silinder (Thea). Die eerste kilometer na die oppervlakte redelik goed, maar Thea het van die begin af vir ons weggery. Agter elke Muskeg is 'n slee met 3 ton brandstof, en dan nog 2 baie swaargelaaide slee.

Heel gou kon ons net nie wegkom nie toe die oppervlakte begin swakker word. Ons moes toe 'n sein afstuur om hul te laat terugkom.

Ons het die twee Muskegs voormekaar ingespan en kon toe so verder. Toe het ons probeer wegkom deur 'n lang trein te maak - m.a.w. Muskeg - 3 slees - Muskeg - 3 slees - dit wou ook nie werk nie. Ons het toe probeer om beide Muskegs voor die 6 slees te span - geen sukses. Wilf is toe met 4 slees weg, en ~~...~~ ons met die 2 brandstof-slees.

Na so 2 kilometer moes ons 1 slee aflaat, en het ons toe so aangehou tot ons ± 8:30 nm met Wilf-hulle opgevang het. ~~Ons~~ Chris en ek het toe begin kamp opslaan terwyl Clive en Wilf die ander slee gaan haal het.

Ons radio-kontak met Sanae was baie sleg. Chrisie en ek het intussen kos gemaak, en na 'n lekker sop bredie is ons ± 11:25 bed toe. Ons het maar ± 10 kilometer vorder. Ek wou vir my 1e nag veld tent nag. Dit is nie baie koud buite nie - seker so -20 en doodstil.

Ek het ook nog geen brief van Rina gekry nie-

Saterdag 15 Mei 1969.

Ons vordering vandag was weens swak oppervlakte, en natuurlik die ontsagtlike vrag – baie stadig. Ons het gevorder tot by Noorwei stasie. Van die begin kon ons nie wegkom nie en het verskillende treine probeer. Eers 'n Muskeg-twee petrol slee dan weer 'n Muskeg met die ander 4 slee. Later selfs die hele trein slee met die twee Muskegs voor. Elke nou en dan moes die twee trekkers eers vaan die vrag uitsleep, of weer in rigting, want hul bly na regs trek, en 'n mens kan hul onder geen omstandighede na links gedraai kry.

"Norway station" is ook omtrent 22 Kilo van die basis af. Hier staan nog hul ou weerkundige toring, wat so 30 vt nog bo die grond uitsteek. Die basis is ook nog hier, en ek en Chris het die opening oopgegrawe. Die basis is ± 25 vt onder sneeu, en ons het 4 vt gegrawe om by die sinkplate te kom wat die vorige ekspedisie se bedek oor die skag gesit het. Dit het ons gedoen, tent opgeslaan, begin met koskook en die radio regkry terwyl Wilf en Clive die 3 slees gaan haal het wat ons agter laat bly het. Vanaf ± 1½ kilo. vanaf waar ons gisteraand geslaap het, het ons die petrol slees en die maaste slee met die twee Muskegs tot hier getrek, hul het die res net met Thea gaan haal.

Vanaand is ffeëkaarsel by die basis, en môre verjaar Chris.

Die temp. was vanmôre vroeg -17°C. Deur die dag was die weer betreklik mooi. Dog vanaf nou het dit begin sneeu – en 'n wind van ± 25 knope. So dit gaan my 'n aand wees in 'n tent met flappende seile.

Ons radio kontak was maar sleg. Hul kon ons hoor, dog ons kon niks van hulle hoor, of liewers uitmaak nie.

Die Noorwiers van wie ons die plek oorgeneem het, het hier hul stasie gehad. Dit was in 1960.. Die stasie is 1 ry suid van Kanae op 10° na.

Môre sal Chris en ek afgaan in die basis om te sien hoe dit daar onder in die basis lyk.

LIEFSTE ALPHEUS

AL JOU BRIEFE GEKRY X IS BLY JY GENIET EKSPEDISIE NA BERGE X EK GAAN VIR VAKANSIE NA HENRIETTE X VOORSPOED VERDER X LIEFDE

MA +++

... gesneeu. Vanmôre was daar ...

Die Noorweërs van vir ons die gelukkig ongeneem het. Het hier baie storie gehad. Dit was in

Dinsdag 16 Maart 1969

Oornag het die wind sterk bly waai, en dit het baie koud geword. Vanmôre was daar ovals om die tente en sneeu in hoë gelegenheid van die weatherkant.

Aangesien die weer so sleg was, het ons maar in die bed gebly tot na 8. Hiltie kon niemand eintlik weer opstaan, want ons was werklik moeg. Chris het koffie gemaak, gisteraand se koswa warm gemaak, en ons het koffie, en elk 'n warm koppie Arabie geniet.

Die wind het toe effens gaan lê, en ons het toe die slee geneem. Een vol petrol agter die 4 silinder, en met petrol in ander seuns alles agter Thea (V8) en die roete gevolg na Doornpunt, wat ± 100 Mile van hier is. Ons is 2.30 van hier weg, en het ± 6.40 gestop 11 Mile van "Norway station", en die slee toe daar gelos. Op pad terug het ons 7 uur gestop vir ons daaglikse radio kontak met Sanae. Dit was eintlik baie koud, goeie ontvangs, en ons het 'n skedule gemaak vir 4 uur.

Al moeilikheid was dat die sleetjies aanhoudend op trek. Chris het ons alles afer 'n ander pakkie se trekpunt afgesny van linker vir plaas en het toe reguit kon ry. Skalk het toe in ons spoor gevolg en het geen moeite gehad. Op pad terug het ons al op ons spore teruggery - Thea het ons getrek, en kon albei sleetjies maklik in 3e trek in goeie spoed teruggery

sonder die toue weg sodra ons in 3e baie stadig, en het in Thea baie vinniger.

Met die gaan het Wilf ~~nog~~ net 'n probleem gehad – ons gieber 'n maal ook. Die petrolpypie wat in die draw in gaan vries toe a.g.v. die waterdamp in die petrol, en moet ons dit eers verwarm. Agter op Thea is 3 44 gel dromme petrol en ons kan 4 op kry, wat dan as petroltenks dien.

Terug by die tente het ons begin kos ~~maak~~ voorberei – vleis, sop, groente, gedehidreerde vleis in 'n kastrol. Ons radio kontak was weer baie goed, en met Chris se verjaarsdag was daar baie sê-goed. Weer geen brief van Rina. Wil het vir ons op 'n publisp 'n paar ~~koste~~ waarin drank is se nommers gegee, sodat ons daarin iets op Chris se verjaarsdag kan drink.

Ons het toe bier gekry, dit tydens die ete oortdoor, en toe elk 'n bier na ete kon drink.

Ek het vandag iets nuuts beleef waaroor baie altyd praat. My voete voel nie warm word nie. Toe ek die "inner" uit my skoen voor haal, voel ek vind dat dit klipharde ysgevries is. Die sweet en koue. Gelukkig het ek ander skoene in die Muskeg ~~ka~~ gehad – tobbers – en het die tot by die ~~te~~ tente gedra. Ek het toe my Onitsuka's uitgehaal, en sal dit voor dra.

Die gat wat Chris en ek gegrawe het om in die on baie te kan het heeltemal toegewaai, so, aangesien ons môre vroeg wil begin, sal ons seker nie kan afgaan nie.

Dit was vanaand 8 nm −17°C buite. Die wind het ook weer effe opgekom. Ek hoop ons kan môre goed vorder.

Maandag 17 Maart 1964.

Vandag het ons dadelik weer met die aflos begin. Met die slee by die tenks het ons gery tot waar ons gister die ander slee gelos het. Vanuit 'n slee met petrol het ons al die dromme op die Muskeg volgepomp, om so die 'n slee ligter te probeer kry. Ons is ± 11 km vanaf "Norway stasie".

Toe het ons 'n petrolslee + 'n ander gehaak en Wilf hulle het 2 gewone slee getrek. Alhoewel die oppervlakte effe beter was as gister, het ons heel gou gesien dat ons sukkel, en het die twee Muskegs se vragte omgeruil. Ons het toe aanhou ry op pad na Depot – 17 en ± 3:45 nm gestop. Chris en ek het toe agtergebly, kamp opgeslaan en ek het met die ete begin. Hy het intussen met sy sender kontak met sy Pa gemaak, en kon alles vertel wat gebeur het. Wilf en Clive is terug om met Thea om die ander slee te gaan haal, en het 7 nm teruggekom. Ons is nou ± 50 kilometer ver vanaf die Basis.

Die weer was vandag baie goed. Ons het wel lang rukke helder sonskyn gehad. Vanaf 2 nm tot 5 nm was daar redelike wind, dog ons kon nog op roete bly. Ons het 'n baie mooi sonondergang gehad. Ons het toe vroeg klaar ge-eet, en kon 8 nm en 9 nm geen kontak met Sanae maak nie. Net of so gretig soos wat ek is om van Rina te hoor, net so angstig is Wilf om van sy meisie 'n brief te kry.

Die weer lyk goed, en môre sal ons probeer om tot by Depot 17 te kom. Ons wil ook vroeg opstaan om die sonsverduistering met sonsopkoms te sien.

Almal van ons begin nou warmer klere

aantrek. Nice Wolf begin hul Japanese winter-
areakke dra, en is tot sover baie tevrede daarmee.
Ons het nie vanaand die temp gemeet nie,
maar - seker omdat dit redelik stil is - voel dit nie
vreeslik koud buite nie.

Met helder sonskyn is 'n bril met groen
glase, nat met die glase breek baie goed. Nog rooi
witnig begin is 'n bril met geel of oranje glase baie
beter, en verbeter dit die sigbaarheid dramaties.

Die Muskeg het vandag baie goed getrek. Ons
het 'n 2e gerg, en kan ± 8 kilo / mer handhaaf.

Dinsdag 18 Maart 1969.

Oernag het daar toe 'n redelike storm
ontwikkel. Ons het toe niks van die sonsverduis-
tering gehad nie. Die hele dag het die wind gewaai,
met baie jagsneeu, en sigbaarheid beperk tot seker
30 tree. Dit was weereens vir my 'n bewys dat geen
weervoorspelling, of vooraftbeplanning help. Die weer
bepaal hier wat gedoen kan word, en wanneer.

Ons was ± heeldag in die bed, met die
primusstoof aan die gang, wat die tent heerlik
warm hou.

Wolf & het ek begin koffie maak,
en die kos ens. reggekry. Ons het almal saam
koffie geniet, en geëet en gesels terwyl ek die
blikke vis, vleis en groente ontdooi het. Ons het
ook 'n paar biere ontdooi, en op Leon se verjaar-
dag 'n bier geniet.

Ons radiokontak met Sanae was weer
uitstekend, met nogeens geen pos van Rina nie.

Vandag se ondervinding was seker
om in die storm opelyf te gehad het. Die jag -

LIEFSTE ALPHIE

EK HET VANMIDDAG JOU BRIEWE GEKRY X WENS JY KAN WEET HOE
VEEL DIT VIR MY BETEKEN X EK VOEL N BETER MENS X PARTY DAE GAAN DIT MAAR DIE
AFGELOPE TYD VERLANG EK ONTSETTEND BAIE X JY HOEF NIE BANG TE WEES NIE EK VOEL
NES JY EN DIT SAL ALTYD SO WEES X EK HOOP NET DIE JAAR GAAN VINNIG VERBY X ALPHIE
DIE BLOMME WAS FANTASTIES DUISENDE DANKIES DIT HET ABSOLUUT MY DAG GEMAAK WANT EK
WAS VREESLIK MISMOEDIG DIE DAG X EK HET BESLUIT OM MY GELD TE HOU VIR VOLGENDE JAAR
EN NIE OORSEE TE GAAN NIE X AL MY LIEFDE X RINA

sneeu kan absoluut oral in. 'n Mens is nat, en jou hande kry baie gou baie koud. Om snags uitgaaery te vermy, gebruik ons 'n bottel in die tent.
So sal ons nou in die 3 tente moet bly totdat die storm opklaar. Ons is almal voor 'n bietjie, en het maar weer lê en lees.
Die opbouing van sneeu teen die sleë, en ook om hul is vreeslik erg. So as die weer verbeter, sal ons weer moet uitgrawe vir 'n rukke.

Woensdag 19 Maart 1969

Die uitgrawery was tog nie so erg nie. Net die tente moes ons uitgrawe, die sleë kon ons net so met die Muskegs uittrek. Na die kamp afslanery, en ander voorbereidings het ons so 11vm vertrek. Oornag het die weer heeltemal verbeter. Behalwe dat sigbaarheid sleg was a.g.v. witrig, was omstandighede redelik. Die oppervlakte was egter nie te goed.
Ons het twee sleë getrek, en behalwe 'n slee met petrol, het Wolf-hulle die sasgetrek. Ons het die trek kabel voor aan die Muskeg vasgemaak, sodat sy neus die trekpunt is, en dit so afgetrek word, omdat die dryfas voor is. Dit het die trek verbeter, dog die stuur so erg be-ïnvloed - na links bly trek, dat ons weer die kabel agter "off-centre" vasgemaak het. Wolf-hulle het ontsettend met die stuur gesukkel; hulle het later ook die kabel van voor gehad en agter "off-centre". Elke dan en wan moes Chris dit agter aanhaak. A.g.v. stuurprobleme het hulle links en sigs-sig-sag-oor ons spoor gery. Na veel gesukkel het hul in ons spoor gekom, en het ons 'n kabel vanaf ons

laaste slee van hul whiskey se neusgehalt, sodat ons hul in rigting elke keer getrek het as Thea uit die spoor wou loop.

Omdat die kabel beshadig word met die sukkeling het ons die plan laat vaar, en kon Wilf toe in ons spore bly.

So het ons toe die ysrand opgeswoeg het, tot op die hoogste punt – ± ½ kilometer oos van Depot 17.

Van hier het ek my 1e gesig van die berge gekry. Kryfies – alhoewel dof, en het ons ervaring gevoel wat ek die hele tanoe II gemis. Dit is werklik Antarktika. Nou moet ons nog daar kom!

Thea se vrag toe die bult was te swaar, en hul het die petrol slee gelos. Clive en Wilf het dit gaan haal na ons 5 nm gestop het vir kamp opslaan. Môre sal hul ses die ander slee by punt 10 gaan haal voor ons verder gaan.

Dit is doodstil vanaand – en voel soos in somersaand tuis – alhoewel die temp –10°C is. Soos Chris dit gestel het – hy het stil gestaan om te luister of hy nie paddas hoor kwaak nie.

Verdere wonderlike nuus was Mina se lang-verwagte brief wat ek ten einde lange laaste ontvang het. 'n Lekker-nuus brief vir die hart. Ek kon daaruit aflei dat sy lank gewag het voor sy geskryf het, en dat sy moes besluit of sy gaan aanhou skryf of nie. Ek hoop dat alles ten beste sal verloop!

Alhoewel ons vroeg bed toe is, het ek lank lê en lees, in was 2 vm weer buite. Die weer is mooi, en ek hoop dat dit so bly.

Donderdag 20 Maart 1969.

Vandag was 'n baie stil dag, met ± 20% sonskyn. Dit was egter baie koud, en het my na warmer klere gejaag. Ek het 'n winter-anorak aangetrek, wat ek by Jarry - die weerkundige van die Belge - gekry het.

Wilf en Clive is ± 11 vm terug om die ander petrol slee by punt 10 te gaan haal, en was ± 3 nm terug. Intussen het Chris en ek by die tente gebly. Hy het sy radiostel opgesit vir kontak met sy ka 5:15 nm - wat baie duidelik was. Hy gebruik 'n 7 T 311 met 'n omni-rigting sweep lugdraad. Behalwe dat ek al ons skottelgoed skoongemaak het, en ons broodjie se oorskiet van 1 week oud was by ons elke aand met byvoeg het weggegooi het. Het ek die skis geneem, en steen die effe bult af geski. Die helling was te min om op eie momentum af te gaan - dog dit het my 'n bietjie die gevoel gegee.

Wilf en Clive het toe twee slees geneem, en dit vooruit na punt 21 geneem - ± 9 kilometer van hier.

Ek het intussen begin kosmaak, en het by die vleis aartappel poeier gegooi; wat sonder stysel was, want alles was 'n taai tamaletjie en ± oneetbaar.

Die telefoonoproepe was glo baie goed, en Henry het nie juis veel nuus van my ma gehad nie, behalwe dat dit goed gaan met almal.

Die koppelaar van Thea het ook al hoe erger begin gly. Ons het met Henry gereël dat hulle die nodige onderdele moet,

afhangende van die weer, na Norway Stasie bring, en 'of 2 ekstras, en Chris en ek sal hul daar ontmoet. Die onderdele word gevra vir indien hul nodig word.

Vanaand het ek ook my eerste aurora gesien – nie baie helder nie dog met mooi vorms. Dit was ook net wit. Dit was daar vanaf 8:30 nm en selfs tot toe ons bed toe is net 11 nm.

Ons het ook vandag gehoor dat Mnr. Van Rensburg, wat hier was as waarnemer vir G.G., aangestel is as programeerder in plek van wyle Mnr Coetsee.

Vrydag 21 Mrt 1969.

Ons het vandag meer gedoen as enige ander dag – al het ons net van Depot 17 na punt 25 gevorder – ± 24 kilometer.

Chris en ek is vroeg weg terug basis toe om die spaardele te kry. Vanaf die basis sou Barry en Gordon met Frieda kom om dit te bring. Ons is ± 9 vm weg en was 12:30 by Norway stasie. Ons het tot na 1 gewag en toe basis toe begin ry. Omtrent halfpad het ons vir Barry + Gordon gekry. Na ons die onderdele oorgelaai het, het ons teruggekom.

Chris + Wolf het intussen die slees na punt 28 getrek en begin kamp opslaan. Ons kon hul ligte wat hul vir ons buite gelos het vanaf 9:40 sien, alhoewel hul ons ligte al vanaf voor nege gesien het. Ons was toe seker 20 kilometer van die kamp, en het eers 12 mid. nag hier aangekom.

LIEFSTE ALPHIE

EK WEET NIE OF EK IN HIERDIE TYD VAN JOU GAAN HOOR NIE MAAR EK SKRYF MAAR X DIT HELP DAREM X HIER GAAN DIT GOED X EK daar NIE VEEL NIE X STADIG MAAR SEKER GAAN DIE TYD DAREM VERBY X EK HET VIR JOU DIE SPELE KOEVERT MET SEELS GEKOOP X AS EK REG ONTHOU MAAK JY MOS EERSTE KOEVERTE BY MEKAAR X EK HOOR PAUL VAN ZYL EN DIE DE LANGE VERPLEEGSTER GAAN TROU X CHARL HET N ONGELUK MET BMW GEHAD X DIE MOTOR IS AFGESKRYF N WRAK X EK HET DIE FILMS INGEGEE WAG NOG VIR DIE FOTOS AL MY LIEFDE BAIE VERLANGE X RINA

LIEFSTE ALPHEUS VAN JOU GAAN HOOR NIE

OOM KOOS GISTEROGGEND OORLEDE X KEN PIET LOUW HY SAL PER X

RADIO JULLE PROBEER KONTAK X PA WERK BY GROOTHANDELAARS X

LIEFDE OUERS

Ons het 'n totaal van ±120 kilometer vandag gery.

Na 'n lekker koppie sop, vars brood en koffie, is ons eers na 2 vm bed toe.

Vandag was dit ± nooit warm nie. Dit was ± -15°C buite, met seker 80% sonskyn en baie stil. Vanaand was dit -25, en by die laaste blyk[illegible] -30°C.

[illegible] Maart 1969.

Na ons bedrywighede gister, is ons vandag eers 3 nm van die kamp af weg. Ons het eers 11 vm opgestaan, het kos gemaak, die slees herpak, vasgemaak en kamp afgebreek.

Daar was geen son buite nie, dit was ook baie stil en betreklik warm. Ons het 'n groot mate van witsig gehad, en het maar op 'n berg, Krylen, gery waarvan 'n mens die twee groot swart dele aan sy weerskante kon sien, met 'n sneeu vallei in die middel.

Die oppervlakte was baie mooi hard, en vir die eerste maal was dit nie vir ons nodig om so af te sy nie. Ons kon 3 slees trek, en Thea ook. Ons kon daarom tot by punt 33 km, wat ook naastenby 24 kilometer vir die dag is. Ons is nou omtrent 18 kilometer van Draaipunt, en dan is ons in die skarniergebied vol kloewe.

Die wind begin vanaand opkom, so miskien is ons tot vir 'n groot storm.

AAN GROBLER

BAIE DANKIE VIR BRIEF X HIER GAAN DIT NOG GOED X HULLE HET VERKEERD GETIK X DIT IS JC KOTZE WAT VERLOOP IS X EK GAAN MOONTLIK MET JOU GESELS DIE RHEEDER OU WERK BY ONS X SY STEL IS OP DIE OOMBLIK STUKKEND MAAR HY GAAN MY NA IEMAND ANDERS NEEM TOT SYNE REG IS WANNEER EK SYNE KAN GEBRUIK X DIT GAAN FANTASTIES WEES X TRUST BANK SAL BEURS BETAAL X HULLE IS NOG BESIG OM BEDRAG UIT TE VIND X EK SAL JOU LAAT WEET WEES ABB VERSIGTIG AS JULLE BERGE TOE GAAN X BAIE LIEFDE EN VERLANGE X RINA

LIEFSTE ALPHIE,

BAIE DANKIE VIR JOU BRIEF. MET ONS GAAN DIT NOG ALMAL GOED. EK WAS WOENSDAG EN DONDERDAG SIEK IN DIE BED. VANDAG GAAN DIT DAREM BETER, BEHALWE DAT HIER CHAOS OP KANTOOR HEERS. EK VOEL OF EK KAN UITSTAP. HEIN HET SONDAGMIDDAG ONVERWAGS HIER AANGEKOM. HY LOS AF VIR DRIE WEKE. EK WAS BAIE BLY OM HOM WEER TE SIEN. TANNIE HANNIE VRA WATTER SOORT BLOMME GAAN JY VANJAAR VIR HAAR STUUR. JY HET MOS VERLEDE JAAR GESE VETPLANTE UIT SUIDWES, EN NOU ...... ONS TREK DIE 29STE MEI. EK STUUR VANDAG GEFRANKEERDE KOEGERTE.

AL MY LIEFDE EN VERLANGE

RINA.

Van Rina en Wag het ek elk eendag 'n brief gekry. Trust Bank is glo besig om my beurs ook te neem wat nog tyd sal neem. Ou oom Koos is ook oorlede.

Vanaand is ook weer fliekaand by die Basis.

Ons het nog niks weer van Leon en Anton gehoor nie - vir ± 2 weke. Die moontlikheid is nou dat een van die sleepwaens, na ons daar die skarniergebied is voor uit sal gaan om na hul te soek.

LIEFSTE ALPHIE,

BAIE DANKIE VIR JOU BRIEF. MET ONS GAAN DIT NOG ALMAL GOED. EK WAS WOENSDAG EN DONDERDAG SIEK IN DIE BED. VANDAG GAAN DIT DAREM BETER, BEHALWE DAT HIER CHAOS OP KANTOOR HEERS. EK VOEL OF EK KAN UITSTAP. HEIN HET SONDAGMIDDAG ONVERWAGS HIER AANGEKOM. HY LOS AF VIR DRIE WEKE. EK WAS BAIE BLY OM HOM WEER TE SIEN. TANNIE HANNIE VRA WATTER SOORT BLOMME GAAN JY VANJAAR VIR HAAR STUUR. JY HET MOS VERLEDE JAAR GESE VETPLANTE UIT SUIDWES, EN NOU ...... ONS TREK DIE 29STE MEI. EK STUUR VANDAG GEFRANKEERDE KOEGERTE.

AL MY LIEFDE EN VERLANGE

RINA.

naai. Op een stadium het die flappende seile my wakker gemaak. Dit was darem nie nodig om die flap swaarder vas te pak op die grond nie.

Groot was ons verbasing toe ons vanmôre 9 vm opstaan en sien dat dit stil buite is. Na ontbyt en kamp afbreek is ons 11 vm weg na Draaipunt.

Ons het ± 1/3 van die pad al die slee kon trek, voor ons een moes afhaak. Omtrent 4:45 het ons by Draaipunt aangekom. Teen

Sondag 23 Maart 1969.

Behalwe dat ons genoem het dat dit vandag Sondag is, was dit vir ons geensins soos 'n Sondag nie.

Die wind het oornag verskriklik gewaai. Op een stadium het die flappende seile my wakker gemaak. Dit was darem nie nodig om die flap swaarder vas te pak op die grond nie.

Groot was ons verbasing toe ons vanmôre 9 vm opstaan en sien dat dit stil buite is. Na ontbyt en kamp afbreek is ons op weg na Draaipunt.

Ons het ± 1/3 van die pad al die slees kon trek, voor ons een moes afhaak. Omtrent 4:45 het ons by Draaipunt aangekom. Terwyl Chris en ek kamp opgeslaan het, het Clive en Wilf die ander slee gaan haal.

Die weer het mooi gebly, en die berge was pragtig. Ons kamp lê 15 kilometer van Krylen af, wat 'n baie impressiewe berg is.

ALFIE GROBLER

WAS BAIE OPGEWONDE OOR OPROEP VAN LEIER X HOOP JY GENIET BERGE EKSPIDISIE X HIER IS ALLES WEL X LIEFDE X OUERS

Ons radiokontak was weer baie goed vanaand, met niks besonders by die basis. Ek het 'n telegram vir Hein gestuur.

Ons is ± 10 mm bed toe, en hoop op goeie weer vir môre wanneer ons deur die skaf-miergebied vol krewasse na Marsteiner 18 kilometer van hier moet gaan.

Daar was vanaand 'n redelike mooi aurora buite – nie baie helder-wit – dog met gordyn en boog vormasies. Ons het ook 'n satelliet gesien.

Ons het nog geen radio kontak met Leon en Anton gehad nie.

ALFIE GROBLER

WAS BAIE OPGEWONDE OOR OPROEP V

HIER IS ALLES WEL X LIEFDE X OUERS

Maandag 24 Me[i]

Ek was lanklaas in my lewe so moeg, uitgeput, soos vanaand.

Ons is vanmôre 9:30 vm vanaf Draaipunt, en het van die begin af begin uitkyk vir krewasse. Leo vanuit die Muskeg, totdat dit die 1e een oopgetrap het met die agterste deel. Dit was ± 3 kilometer van Draaipunt. Van daar het Chris en ek voor die Muskegs geloop en gate steek om vir krewasse te kyk.

Van Draaipunt af is daar 3 rallies wat 'n mens moet deurgaan. Die 2e ysbult was absoluut vrot van die krewasse. Hier het ons 2 nuwe ondervindings gehad. Leo het Chris reg voor 'n krewas gestop waarin die hele Muskeg sou pas. Dit het mooi sy toegekos om tussen al die krewasse deur te kom. I.p.v. toe dieselfde roete te volg, het Wolf 'n kortpad gekies. Ons kon sien dat hy 'n krewas ooptrap. Die gat was breër as die

Muskeg, en elke 7 vt tenk.

Ons het gevorder tot ± 6 kilometer vanaf Marsteinen. Waar ons kamp is die ys klipshard. Die Muskeg spore lyk ± 1 vt → Hulle loop die wiele in, en slegs die dele trap in die ys. Ons het Leon en Anton se Muskeg en Toboggan spore gesien in die "ablation" ys wat 2 maande oud is.

Die oppervlakte was ± die hele pad so hard, dog baie onegalig a.g.v. die sastrugi. Die Muskeg trek die 3 sleë met gemak trek.

Deur die vallei het die wind met rukke fantasties sterk gewaai, met lae jagsneeu.

Baie skeure was sowat 12 vt wyd, en oneindig diep. Oo waar die sneeubrug gevorm word, hang die mooiste vorms kristalle wat 'n mens jou kan voorstel.

Om op die ys te kamp is beet 'n ondervinding. 'n Houtpen gaan met moeite in, en om op vir die flappe af te steek gaan net so swaar.

Ons het bie ontdooi – 1 het in die drukpot ontplof, en dit gaan baie goed af.

My skoene is deurweek van sweet, en selfs die onderste binnesool is nasgewees, dog my voete is nie koud nie. Die Japanese Onitsukas is werklik wonderlik.

As alles net so voorspoedig verloop soos vandag, behoort ons môre verby Marsteinen te kom. Dit hang net af hoe laat ons hier wegkom.

Dit was vanaand 8 nm – 21°C.

Dinsdag 25/3/69

Ons het vanmôre ± 9 vm opgestaan, slegs kon glad nie beweeg nie, aangesien daar 'n redelike mate van witwêreld was.

Teen 12 ~~vm~~ middag het ons eers begin ry, aangesien die sigbaarheid toe baie beter was, en was ons 6:15 by Martienien. Alhoewel ons heelwat krewasse gekry het, was hulle nie so erg groot nie, en Chris en ek het ook nie so ver geloop nie.

By Martienien is 'n groot voorrade depot, en ook 'n noodhut. Hier in die hut het Wilf en 3 ander lede van 27/10/67 – 9/11/67 in 'n storm met winde tot 90 knope per uur moes sit, na hul tente, na 2 dae in die storm a.g.v. die sterk winde geskeur het. Die hut is 7'×7'×7' met 'n glasdak.

Na ons eers in die berg rondgeloop het, met 'n pragtige uitsig oor ons voete, en 'n mooi „windscoop" het ons verder gery op pad na Muskeg depot. Ons het ± 13 kilometer gevorder, en in sterk wind tente opgeslaan. Alhoewel ons nie die temp. geneem het nie, is dit geweldig koud.

Die oppervlakte is baie hard, en die sleutsy is ontsettend stamperig.

Ons het geen radio kontak met Sanae gehad vanaand nie – nie 8 of 9 nm.

Noudat ons – Chris en ek – ook aan vaste aarde geraak het, word ons beskou as ware antarktiese gangers.

Woensdag 26/3/69. Ons het ± 11:30 vm eers van die kamp af weggekom, en na Muskeg depot gery.

Die weer was baie onaangenaam. Daar was 'n sterk wind, met eers lae jaagsneeu, en later hoë jaagsneeu, wat ons uitsig baie bederf het. Die son het so 30% beloke geskyn.

Verder het die Muskegs redelik gespeel. Ons muskeg se aansitter het sommer vanself op loop gesit, en die jaagsneeu het ook veroorsaak dat 'n vonkprop toe vries, ongelukkig nie dit. Die ander een se petrol konneksies het vas gevries, sodat 'n mens die pedaal met die hand moes werk.

Ons moes ook weer die sleespen af los teen die sleë ysbulte uitslaan.

± 6:30 nm het ons by Muskeg depot aangekom, en in 'n 30-knope wind tente opgeslaan. Ek bewonder die tente vir hul windweerstandigheid. Elke oomblik vrees ek dat dit gaan wegwaai.

Ek het redelik koud gekry vandag, omrede die stilsit in die muskeg, en die wind buite. Wilfred se oë traan erg in wind, en die trane vries in druppels vas aan sy onderste ooglede.

Ons slaan tente op, sonder om ons groot snaardiens handskoene uit te trek. Ek sal seker met nog fyner werk handiger word met die handskoene aan.

Ons radio verbinding was baie goed, geen ruis, en gister se fout was dat Gordon eers die rombiese lugdraad gery het. Verdere nuus van die basis is dat een van die Deutz kragopwekkers halfpad opgegaan het a.g.v. oorverhitting.

Met die storm is dit moeilik om te voorspel wat ons vordering môre behoort te wees.

Die berge is nog baie mooi, alhoewel ek

Dinsdag 25/3/69

Ons het vanmôre ± 9 vm opgestaan, dog kon gladnie beweeg nie, aangesien daar 'n redelike mate van witsig was.

Teen 12 ~~namiddag~~ het ons eers begin ry, aangesien die sigbaarheid toe baie beter was, en was ons 6:15 by Marsteinen. Alhoewel ons heelwat krewasse gekry het, was hulle nie so erg soos gister nie, en Chris en ek het ook nie so ver geloop nie.

By Marsteinen is 'n groot voorrade depot, en ook 'n noodhut. Hier in die hut het Wolf en 3 ander lede van 27/10/67 – 9/11/67 in 'n storm met winde tot 90 knope per uur moes sit, na hul tente, na 2 dae in die storm a.g.v. die sterk winde geskeur het. Die hut is 7'x7'x7' met 'n glasdak.

Na ons eers in die berg rondgeloop het, met 'n pragtige uitsig oor ons roete, en 'n mooi „windscoop" het ons verder gery op pad na Muskeg depot. Ons het ± 13 kilometer gevorder, en in sterk wind tente opgeslaan. Alhoewel ons nie die temp. geneem het nie, is dit geweldig koud.

Die oppervlakte is baie hard, en die Muskeg ry ontsettend stamperig

Ons het geen radio kontak met Sanae gehad vanaand nie - nie 8 of 9 nm.

Nou dat ons - Chris en ek - ook aan vaste aarde geraak het, word ons beskou as ware antarktiese gangers.

Maandag 26/3/69 Ons het ± 11:30vm eers van die kamp af weggekom, en na Muskeg depot gery.

Die weer was baie onaangenaam. Daar was 'n sterk wind, met eers lae jagsneeu, en later hoë jagsneeu, wat ons uitsig baie bederf het. Die son het so 31% belofte geskyn.

Verder het die Muskegs redelik gespeel. Ons muskeg se aansitter het sommer vanself op loop gegaan, en die jag-sneeu het ook veroorsaak dat 'n rookprop toe vries, ongelukkig nie dit. Die ander een se petrol kannekies het vas gevries, sodat 'n mens die pedaal met die hand moes werk.

Ons moes ook weer die slees in aflos teen die sleit ysgebakte uitskop.

± 4:30 nm het ons by Muskeg depot aangekom, en in 'n seknope wind tente opgeslaan. Ek bewonder die tente vir hul windweerstandigheid. Elke oomblik voel ek dat dit gaan wegwaai.

Ek het redelik koud gekry vandag, omrede die altyd in die muskeg, en die wind buite. Wolfie se oë traan erg in wind, en die trane vries in druppels vas aan sy onderste ooglede.

Ons staan tente op, sonder om ons groot snaardins handskoene uit te trek. Ek sal seker met nog fyner werk handiger word met die handskoene aan.

Ons radio verbinding was baie goed, geen ruis, en gister se fout was dat Gordon Cleur die romboïed bygedraai gery het. Verdere nuus van die basis is dat een van die Deutz kragopwekkers halfpad opgepak het a.g.v. oorverhitting.

Met die storm is dit moeilik om te voorspel wat ons vordering môre behoort te wees.

Die berge is nog baie mooi, alhoewel ek

dit in beter weer baie meer son geniet het. – Om 'n foto te neem met kaal hande is ± moord na 'n rukkie.

27 Maart 1969. (Donderdag)

Ons kon vandag nie 'n tree beweeg nie. Die wind het sterk gewaai – 30+ knope, daar was erge jagsneeu, en ook 'n bietjie sneeuval.

Oornag het daar 'n ontsettende akkumulasie plaasgevind aan die suidekant van die tente. Ons het die slee windop van die tente gelos, wat ook baie aangehelp het. Die kooktent bv. is 6 vt aan die windop kant vol sneeu. Ons het gesukkel om uit ons tent te kom, a.g.v. 'n 30 dm akkumulasie voor die opening.

Ek het geëet en lees tot 12 middag, toe bietjie geslaap en 3 nm opgestaan. Ons almal het toe in die kooktent geëet, aandete voorberei, en eers na 12 bed toe gegaan. Ons radiokontak was goed, en ek het 'n brief van Daantjie gekry, en Ma.

A.g.v. die akkumulasies, en omdat almal aan die windop kant van Muskeg depot kamp, is die nunatak besig om onder ys begrawe te raak. Dit is baie laer bo die oppervlakte as toe ek dit laas in 1967 gesien het.

In die jagsneeu, en sneeuval, is die sigbaarheid beperk tot sowat 50 tree of minder. Die absolute wit het geen kontras, sodat 'n mens bv. bo-oor 'n sneeuhoop van makklik 3 vt hoog kan val, sonder dat 'n mens dit raaksien. Dit gebeur selfs dat die akkumulasie hope wat 6 vt hoog is, eers sigbaar word as jy 'n tree van dit af is.

LIEFSTE ALPHNIE

BAIE DANKIE VIR BRIEF X EK WEET NIE HOEKOM JY
SE LANGVERWAGTE BRIEF NIE X EK ANTWOORD ALTYD DADELIK X
PARTYKEER SKRYF EK TUSSENIN OOK X EK WAT GEWOONLIK SO TWEE
WEKE PARTYKEER LANGER VIR JOU BRIEWE X MY BRIEF WAS GEEN ,
BEPEINSING NIE X IN MY GEVAL WAS DIT NOG ALTYD SO X JY BEHOORT
TE WEET ANDERS IS JY TOE X EK HET DIE FOTOS GEKRY X HET BAIE
GOED GEKOM X EK IS BLY JY HET DIT GESTUUR NOU HET EK IETS VIR ?
DIE JAAR WAT VOORLE X ONS TREK EERS EINDE MEI X AL MY
LIEFDE EN BAIE VERLANGE X

RINA +++

[illegible], nog daar na 'n ±20 knope wind wat na die aand, en vanaand baie sterker geword het.

Die oppervlakte was baie sleg, en ons het die twee petroslees by Muskeg depot gelos. Later kon ons Muskeg nie die 2 slees trek nie, en het ons eenaan Thea gehad. Ons is 2 nm by Muskeg depot weg, en het 5 nm by die Muskeg gekom, en een slee wat Leon en Anton gelos het. Twee slees is nog weg, en is seker vorentoe, want hul moes ook aflos sy met die slees. Die 1 slee wat hier is – met petrol, is totaal toegesneeu. So hier is ook weer erge graafwerk.

Die Muskeg het goed geloop, dog een deur is gebreek, en ook die uitlaatstelsel is stukkend.

Ons radiokontak was baie goed, en ek het 'n boodskap van 'n Alex in Kaapstad deur Rob gekry, dat sodra ek terug in die basis is, hy sal reël dat Rina met my kan praat – iets wat ek om na uit te sien.

Verdere nuus was van die belastingheffing in die Republiek, wat nie met baie entoesiasme ontvang is nie. Veral die pryse van motors wat verhoog is.

Henry raak nou baie bekommerd oor Leon en Anton, en moontlik sal Clive en ek môre vooruit gaan na Grunehogna om na hul te soek.

Vrydag 28 Mei 1964.

Ons het vanmôre so 9:30 vm opgestaan, en het toe begin om die tente en een slee uit te grawe. Dit was 'n ontsettende werk, en het ons besig gehou tot na 12 middag.

Die son het heel dag geskyn, dog daar was 'n ±20 knope wind wat na die aand, na vanaand baie sterker geword het.

Die oppervlakte was baie sleg, en ons het die twee petroldromme by Muskeg depot gelos. Later kon ons Muskeg nie die 2 slees trek nie, en het ons een aan Thea gehak. Ons is 2 nm by Muskeg depot weg, en het 15 nm by die Muskeg gekom, en een slee het Leon en Anton gelos het. Twee slees is nog weg, en is seker vorentoe, want hul moes ook aflos ry met die slees. Die 1 slee wat hier is – met petrol, is totaal toegesneeu. So hier te ook weer erge graafwerk.

Die Muskeg het goed geloop, dog een deur is gebreek, en ook die uitlaatstelsel is stukkend.

Ons radiokontak was baie goed, en ek het 'n boodskap van 'n Alex in Kaapstad deur Bob gekry, dat sodra ek terug in die basis is, hy bysal reël dat Rina met my kan praat – iets wat ek om na uit te sien.

Verdere nuus was van die belastingheffing in die Republiek, wat nie met baie entoesiasme ontvang is nie. Veral die pryse van motors wat verhoog is.

Henry voel nou baie bekommerd oor Leon en Anton, en moontlik sal Clive en ek môre voormiddag gaan na Lynnehoogte om na hul te soek.

Saterdag 29 Maart 1969.

Vanmôre 11vm is Kliwenek weg na Grunehogna om na Anton en Leon te gaan soek. Die wind het redelik sterk gewaai, en die oppervlakte was baie sag. Ons het 'n tent, ons slaapgoed en kos vir 5 dae geneem.

Vanaf ± 10 kilometer S. van Jekselen het die oppervlakte baie hard geword, met erg ongelyke sastrugi. In my lewe het ek nog nooit soveel gestamp nie. Ons is met Thea weg.

Ons kon hulle nêrens by Grunehogna kry, ook geen boodskappe of vars spore nie. Ons het toe dieselfde pad teruggekom, en was 8:20vm terug. Betyds vir 'n goeie radiokontak, en 'n brief van Rina — wat meer as welkom was.

Rob sal nou probeer om op radio R.S.A. se frekwensie vir hulle 'n kort flits te gee dat ons 'n TR28 by Jekselen gelos het, 'n boodskap by Grunehogna, en dat hulle suid moet beweeg op die roete langs.

Wilf het intussen aan Athene (Die Muskeg wat Leon + Anton gelos het) begin werk — en daar is blykbaar genoeg werk aan om ons 2 dae nog hier te hou. Ek hoop net hulle kry die Muskeg 100% dat ons dit kan gebruik.

Ons kon vandag die ander 2 slees wat hulle gelos het nêrens kry of sien nie. Die 80 kilometer het my uitgeput — die stampery, en Thea se kajuit is ysig koud.

Die wind het vanaand bedaar, en môre behoort 'n baie mooi dag te wees.

Die berge raak hoe verder, hoe meer impressief, en ek twyfel of 'n foto ooit 'n goeie beeld kan weergee. Hul aantreklikheid lê in die hele omgewing, en die atmosfeer wat hul omring.

Vandag se stamperige rit sal ek lank onthou, en ons moet weer oor daardie deel gaan, met nog verdere herhinneringe.

Donderdag 30 Maart 1969.

Vandag was glad nie 'n baie aangename dag nie. Vanmôre was redelik - met net 'n ± 15 knope wind. Dit het algaande sterker geword, meer jagsneeu, so ± 6 nm het ons absolute witrig gehad. Vanaand is die wind seker so 30+ knope – by die basis glo tot 55.

Achène wou gladnie loop nie. Wilf en Clive het seker vir 3 uur gesukkel. Petrol en "anti-freeze" het aan weerskante by 'n silinder elk uitgelek. Abel het toe begin om die masjien uitmekaar te haal, en het daarin geslaag om 1 silinderkop af te kry. Die se "gasket" was goed. Afhangende van weersomstandighede sal hul môre verder werk.

Om hul dop te hou is teen bewonderings-waardig. Twee blaaslampe is aanhoudend aan die gang om, waar kan, eers te verhit waar hul werk, wat nie veel help. Verder is dit 'n kwessie om met dun handskoene te werk, vir ±30 sek. kaalhande, dan eers warm maak, en verder gaan. Intussen raak hulself koud, veral hul voete, van die matige aktiwiteit. Wilf, wat nooit oor koue kla, het selfs gesê sy voete is yskoud, en het ook sy groot geel Crutzaka skoene aangetrek.

Chris en ek het die slee wat bo-aan Anton gelos het uitgegrawe, en by die ander getrek. Dit was self 'n hele werk – ons moes sommige plekke tot 5 vt diep grawe.

Van Leon + Anton het ons ook nog niks gehoor.

Ek het 'n brief vir Rina en 'n telegram vir Ma geskryf. Ek verlang vanaand nogal baie na Rina. Redelik baie.

Maandag 31 Maart 1969

Niks het eintlik vandag gebeur nie. Die wind was nog steeds 30+ knope, met baie sneeu en so groot akkumulasie, veral namiddag.

Ek het in die bed lê en lees en slaap tot omtrent 5 nm. Wilf het 'n ruk verder aan die Muskeg gewerk, en baie ys in die vergasser gevind. Clive het hom gehelp. Indien ons 'n goeie dag kry, sal hul die Muskeg weer kan aanmekaar sit.

Ons radioverbinding was betreklik goed. Interessante nuus van die basis was dat hul 'n redelike mooi dag gehad het. Wind tot 20 knope, baie akkumulasie en 'n temp. wat selfs -0.5°C was. Dit het 'n rukkie gereën - fyn motreën, wat toe oorgegaan het na gereën. Fyn sandharde sneeu. Die buise- ons Ontelike bure het goeie weer - so dit lyk of dit na ons kant toe beweeg.

Van Leon en Anton nog geen nuus. Rob sou vanaand begin het om op Radio R.S.A. se frekwensie vir hul uit te saai. Leon se Ma begin nou, heel verstaanbaar, bekommerd raak.

Ons hou onsself maar besig om te lees, of net te sit en gesels.

Dinsdag 1 April 1969.

Ons is nog altyd by dieselfde plek. Het vandag betreklike weer gehad, met 'n redelike wind.

Wilf en Clive het die Muskeg verder aanmekaar gesit, en ek het hier en daar gehelp om onderdele warm te maak en die ys af te smelt. Die weer het volgende verslag, en teen 5 nm het ons absoluut niks gehad met sneeu en 'n ± 30 knope wind, temp. -17°C

Ons radiokontak was goed, en ek het 'n brief van Rina gehad, waaroor ek baie bly was. Van Leon en Anton ook nog geen woord nie.

Woensdag 2 April 1969

Vandag was die weer weer baie sleg. Die wind het heeldag sterk gewaai, met baie jag-sneeu en ± 80% v.d. dag totale wetsig.

Clive en Wilf het die masjien v.d. sleskeg aan die toep gekry, en sal môre finaal alles in orde kry en kan vasstel of die "toep" nie gebraak is nie, en of ons die sleskeg kan gebruik. Ek het maar hier en daar gehelp. Met het onder moeilike omstandighede weer gewerk, met hande baie naby aan vriesbrand. Die temp. vanmiddag was -13°C.

Ons radio verbinding was nie te goed nie, met nie juis nuus van die basis nie. Van Leon en Anton ook nog niks gehoor nie.

Die akkumulasie is nou al baie erg om die tente en slees, wat weer erge graafwerk beteken.

Donderdag 3 April 1969.

Die weer was vandag presies dieselfde as gister. Teen laataand het die wind egter bedaar, na so 15 knope toe.

Clive en Wilf het die finale verstellings aan die sleskeg gedoen, en na 'n slegte begin a.g.v. ys in die vergasser, het dit goed geloop. Ons het die sleskeg toe gebruik om die slees te verskuif vanuit die akkumulasie hope na oop staanplekke.

Ons radiokontak was baie goed, en ek het 'n kort briefie van Ma gehad. Hy gaan vir die skoolvakansie na Annette. Ek het deur Interflora 'n ruiker vir Rina bestel vir 16 April. Ons telefoonoproepe is vir 17 April bespreek, en Henny sal met Rina praat, want ons sal dan nog nie terug by die basis wees nie.

Oornag het die wind amper 90° na Noord-Oos gedraai, met nuwe akkumulasie, en meer wind. Die temp. was vanmiddag -12°C.

Vrydag 4 April 1969

Ten spyte van die gunstige voorspellings gisteraand, het ons vandag 'n eg storm gehad. Die wind was seker nooit onder 40 knope nie, en hy het maklik naby aan 60 knope.

Die tent flap natuurlik vreeslik, dog is maar nog heeltemal veilig binne. Dit is gelukkig nie baie koud nie. Die gevolg was dat ons 'n heeldag lê en lees het. Ons was net 'n kort rukkie in die kombuis toe ons iets ge-eet het. Die sigbaarheid teen 4 nm was minder as 4 tree.

Saterdag 5 April 1969.

Die storm het vandag aangehou, en ek het in die bed lê en lees tot 4 nm. Ek is toe na ons kooktent – 8 tree (rond-om) van ons tent, en moes op gevoel loop. Wolf het die wind ± 70 knope gekat. Ons kontak met Sanae was goed, en daar het die wind tot 85 knope gewaai.

Vanaf 4 nm het die wind baie vererger, en moes tot maklik 90 knope gewaai het. Toe ons terugloop het Clive voor uit gegaan, ek het die lamp begin uitsit. Binne 1 min. was hy terug – hy kon ons tent nie kry nie. Ons het die lamp toe voller gepomp – en ek het met kaal hande die opening toegemaak. Die wind het fantasties gewaai, en ons het binne die 9 tree soveel 3 tree van koers geraak, sodat ons by die agterkant van die tent ge-eindig het.

Toe ek binne was, het die lamp uitgegaan, en het ek vir vuurhoutjies in my anorak se sak gesoek. Nadat my hande vol ys uitgehaal het, het ek dit gekry, dog my hande was dood en die vuurhoutjies nat.

Clive het gelukkig vuurhoutjies by hom gehad, en kon ons eers die primus aan die gang kry.

Die seile van die tent het ontsettend geflap. Net Clive se koelheid het my gerusgestel.

Donderdag 6 April 1969.

Die wind het nog altyd sterk gewaai vanmôre, en ons het so 3 uur opgestaan, tot die wind effe bedaar het.

Twee van die drie Muskegs was binne ± vol sneeu, met groot "windscoops" oorvloei almal, en groot akkumulasies agter al drie. So ook die slees.

Chris en Wilf het die 3 Muskegs langs die tente getrek om die wind so te breek.

Ons radiokontak was goed. Omdat die teledrukkers nou in werking is, kan ons 200 woorde per week stuur.

Die wind het algaande verbeter, en ons sien uit na 'n mooi sonnige dag môre, sodat ons die agtergeblewe slees by Muskeg-depot kan gaan haal.

Maandag 7 April 1969.

Na al die ongunstige dae, was vandag absoluut fantasties. Die wind was tussen 5-15 knope, met geen jagsneeu, en ± 60% sonskyn. Die son gaan nou ± 5 nm onder. Dit was 'n heerlike dag.

Chris en ek het slees uitgegrawe, die tente half oopgegrawe, om tyd môre te spaar. Ek het die kosslee herpak. Alhoewel dit -15°C was, kon ek nie baie met kaalhande werk.

Chris en Wilf is terug Muskeg-depot toe om die 2 petrol slees te kry wat ons daar gelos het. Dit is omtrent 12 kilometer van hier, en daar was 'n geweldige wind met erge jagsneeu. Het is 10:45 hier weg, en het 6:15 teruggekom. Die oppervlakte was maar sleg.

Ons het geen woord van Anton en Leon gehoor nie.

Dit was pragtig buite, met die berge naby en in die verte. Die oppervlakte het 'n "sdw" kors, wat helder blink in die son, na die storm.

Almal se gemoed was amper feestelik na die storm. Dit is heel snaaks, en so rustig om in 'n stil tent te sit. Ook om buite rond te loop. Die absolute kontras is ongelooflik. Vandag so mooi en rustig, dat 'n mens net nie kan glo, dat in so 'n beeldskone omgewing die wind so erg kan waai, en dit so onplesierig kan wees. Dié land van kontraste! Absoluut waar, onbeskryflik, en ongelooflik.

Dinsdag 8 April 1969

Na 'n ontbyt van Weetbix, Vark worsies en Vienna worsies met koffie daarna, en na ons die tente uitgegrawe het en die slees weer reggemaak het, is ons eers 1:15 nm van ons kampplek af weg. Ek het die 6 sitende bestuur, en Clive en Wilf vir Athene en Thea ~~of~~ respektiewelik. Die oppervlakte was baie sag en het ons stadig gevorder. Omtrent 3 kilometer verder suid het ons by die ander 2 slees gekom wat Leon en Anton gelos het. Dit was heeltemal toe onder die ys, en dit het 'n uur se grawe gekos.

Van hier het ons baie gesukkel. Ek kon net 2 slees in'e sat trek, Thea het aanmekaar na regs getrek, met net 2 slees, en Athene kon net 2 slees trek. Later het ons 'n trein gevorm. Clive voor, dan Wilf en dan ek. Ons het ± 10 kilometer suidgevorder op pad na Jekselen.

Clive en Wilf is terug om die agtergeblewe 3 slees te bring, dog kon net 2 trek. Intussen het Chris en ek begin kamp opslaan.

Toe ons 7:30 nm op die berg kom, was Anton en Leon besig om met Sanae te praat. Groot was ons verligting, en nog groter ons blydskap. Alles wel by die Basis. Dit is by Jekselen, maar die wind sterk waai, en sal daar vir ons wag.

Ons het mooi weer vandag gehad. 'n

± 10 knope Suide-wind, met baie los jagsneeu, en baie mooi sonskyn. Die son gaan van 4:45 nm onder, en ± reg wes. Die maan sien jy nou baie heeldag en nag. Dit maak 'n ovaal kringloop, en op sy naaste kan dit ± 30° van die horison.

Ons hoop nou net op kouer weer sodat die oppervlakte kan verbeter, en dat ons nie af hoef te ry nie.

Woensdag 9 April 1969.

Waar ons gehoop het om vroeg hier weg te kom, het 'n 30 knope wind met ± 5 vt jagsneeu alles verydel. Ons kon geen berge sien om as bakens te gebruik nie.

Die wind het later effens bedaar, en Wilf en Clive is terug om die agtergeblewe slee te gaan haal. Terwyl hul weg was, het die kondisies weer versleg.

Na ons die Muskegs vanaf 'n slee vol petrol gemaak het, het kondisies verbeter, en is ons met die 2 V8's en 4 slees weg na Jekselen, en het ± 15 kilometer gevorder.

Algaande het die weer verbeter, sodat ons vanaand 'n wolklose stil aand het. Dit is egter baie koud buite, en ons vertrou op beter oppervlaktes môre.

Ons het 'n pragtige sonsondergang vanaand gehad. Goeie radiokontak, geen briewe, en Chris kon net 'n paar woorde van my briewe wegkry.

Donderdag 10 April 1969.

Vanaand is ek vroeg na siek en bygaan. Ons het lank klaar so gevorder soos vandag.

Tot waar ons die petrol slees gelos het, het alles baie goed gegaan. Daarna kon ons net nie vorder nie. Die oppervlakte was baie sag, en moes ons weer af-

los sy. Algaande het dit vererger. Later moes Theo my tou, ek met 1 slee en Wilf met 2. Ons het vir net in 1e rat kon vorder.

Later het die oppervlakte hard geword, met regte sastrugi banke, wat die sluiking heeltemal ophou. Ons is 11 vm van ons kamp weg, en al die slees was eers 7:20 by Jekselen - 20 kilometer.

Hier waai die wind altyd baie erg, en met rukke, en het ons vir Anton + Leon gekry. Hul was baie bly om ons te sien, en het saamgestem dat ons na Grunehogna moet gaan.

In 'n erge wind, met harde oppervlakte en regte droë sastrugi is ons toe weg, en het 11 nm by Grunehogna gekom waar dit kalm en rustig is. Van die 9 slees, kon ons net 2 hier kry.

Na aandete, al 6 in 1 tent, is ons bed toe omtrent 2:30.

Vandag het ek o.a. gesien dat die oppervlakte so hard is, dat net die 2 drukpunte van die spoor 'n merk maak. Dan te voor jou pad is sastrugi soos 'n randhoop, dat is mens of jou moeg werk om oor te kom, of nie kan sien, en dan elwas moet trek.

Middag het die wind gewaai, met baie jagsneeu. Ons kon die berg as baken gebruik, alhoewel sigbaarheid tot ± 30 tree beperk was. Vanaand sinds Jekselen was, in die ligte wit sluiering die sigbaarheid seker 10 tree. Anton ken die omgewing gelukkig goed, en het met Wilf voorgery.

'n Sastrugi - 10 vt lank, 3 vt hoog en 5 vt breed waai binne 3 minute oor die spoor. As voorbeeld.

Vrydag 11 April 1969.

Ons het redelik vroeg opgestaan – so 9 vm, en dit was baie mooi weer buite. Net al 3 muskeg is ons toe terug na waar ons die slees gisteraand gelos het. Tussen Yrunehogna, waar ons kamp en Jekeelen is daar 'n redelike hoë sneeubult. Op die kruin het die wind begin en verder suid daarna Jekeelen. Wolf + Clive het die petrolslees by die depot gaan haal, en ook vanuit die depot volgemaak, en toe teruggebring na die kamp. Leon en ek het eers een slee tot ± 2 kilometer vanaf die kamp gebring, waar die gelykenige harde sneeu, en windstilte begin. Ons is toe terug en het nog 1 slee tot by die kamp gebring.

Die oppervlakte was nog altyd net so ongelyk hard, met sagte banke rastrugi. Ons het egter gevind dat as ons baie meer wes ry, teen die bult tussen die 2 berge, is die oppervlakte beter. Dit is nog altyd fantasties ongelyk, dog met baie minder sagte rastrugi-banke. Ons het baie zig-zag gery om die sagte banke te vermy.

Ons het goeie radio-verbinding gehad, en ek het 'n heerlike nuusbrief van Lina gehad. Genoeg om 'n mens baie "home-sick" te maak, wat ek ook is.

Noudat ek iets meer positiefs doen, behalwe net kook en algemene kampwerk ens, dus muskeg te bestuur, voel ek myself baie meer nuttig, en doen dit my self-tevredenheid baie goed.

Vanaand waai die wind nogal redelik sterk hier waar ons kamp, en is dit omtrent -27° C.

Vandag was ons 1 maand al op pad. Ons moet nog ± 180 kilometer verder, en het daarna al naastenby 230 kilom. gery. Ons het vanaand vir die 1e keer musiek weer gehoor, en wel 'n bandopnemer wat Anton + Leon gebruik het.

Saterdag 12 ~~Maart~~ April 1969.

Vanmôre is ons almal met Thea en Athene terug Jekselen toe. Ons het die ander 3 slees gaan haal, asook die toboggan wat in die "windscoop" nog gestaan het. Anton het 'n gat in die "windscoop" se wand gemaak, en daarin het hy en Leon gebly terwyl hulle vir ons gewag het. Alhoewel dit koud is, is hul uit die rukwinde. Die gat was 6'x6'x3'6". Ons het ook al die depot voorraad, behalwe 1 drom petrol en 1 kos slee rantsoene gebring. Ons gaan die depot hier na Grunehogna verskuif, maar dit baie beter is. Die gyaa-vlakte was weer net soos gister, en die wind effe snyder.

Toe is Wilf, Clive en Anton met Thea weg om Anton en Leon se orige ~~te~~ voorraad aan die S-O kant van Grunehogna te gaan haal.

Ons het maar algemene goed uitgeruim hier by die kamp gedoen, en ek het solank begin kos voorberei.

Verlede nag het die wind erg hier gewaai – in rukke. Een oomblik is dit doodstil buite, en die volgende ruk dit teen soms selfs 40 knope

Vandag, met die wind het ek te nogal koud gekry. My neus begin nou lol om vriesbrand te kry.

Vanaand was dit weer mooi stil hier.

Sondag 13 April 1964

Ons het vandag nog hier by Grunehogna gekamp. Wilf en Clive het aan die sleetjies gewerk, en algemene reparasies, hoofsaaklik met die sweisapparaat gedoen. Soos bv.

11/4/69
PS 019 GROBLER
LIEFSTE ALPHIE

EK VERLANG VANDAG SO BAIE NOU SKRYF EK MAAR X DIT REEN AL DRIE DAE AANMEKAAR EN DIT MAAK MY TENEERGEDRUK X EK WAS DIE HELE PAASNAWEEK BY DIE HUIS BEHALWE SONDAG WAS EK EN MY MA LAMBERTSBAAI TOE VIR DAG X EK HET SO BAIE TERUGGEDINK AAN VERLEDE JAAR SE PAASNAWEEK EN DIE TYD DAARNA X VERDER WERK ONS OMTRENT ELKE AAND OORTYD - OUTEURS X SEKER NOG VIR TWEE MAANDE X EK GEE NIE OM NIE DIT HOU MY BESIG EN IS EKSTRA GELD X MY VERLOF IS KLAAR GEREEL VIR MAART VOLGENDE JAAR X AL MY LIEFDE

RINA +++

verlengings aan die uitlaatpype, stukkende deure regmaak ens.

Chris het aan die stukkende radios gewerk, die TR 28's. Die res van ons het slees oorgepak.

Môre moet daar nog aan die Muskeg 'n paar goed herstel word, en dan moet die slees reggemaak word.

Ons het 'n betrokke dag gehad, met ± 20% sonskyn, en vanaand het dit effens gesneeu. Daar is ook 'n aurora, maar ongelukkig nie baie impressief nie. Dit was ook windstil, en origens 'n baie mooi dag.

Die radiokontak na Sanae was baie sleg, en Chris kon hul net hoor, en geen gesprek voer nie.

Maandag 14 April 1969.

Die weer was vandag gladnie van die beste nie. Daar was witsig tot ± 3 nm, en toe het daar 'n redelike sterk wind opgekom, met heelwat jagsneeu, en dit het begin sneeu ook. Clive en Wilf kon darem die finale werk aan die Muskegs doen, en ons het, behalwe die twee petrol slees, die orige slees sover moontlik herpak en het hul ook ordentlik "gelash".

Die res van die tyd het ons alwat in die kooktent gesit, gesels en lekker geeet. So 'n tent is ontsettend beknop met 6 ins, en nog kook ook.

Ons radiokontak was baie goed met Sanae. Ek het 'n heerlike brief van Rina gehad, genoeg om enige mens "home-sick" te maak.

Dinsdag 15 April 1969.

Die storm het vandag ook nog aangehou. Die wind was nie baie erg nie, dog dee

PS 001 GROBLER 14/4/69
LIEFSTE ALPHEUS
EK WAS HELE VAKANSIE OP VOLKSRUST X MET ALMAL GAAN DIT BAIE GOED X RINA HET NOG NIE SKYFIES GESTUUR NIE X DIT WORD WINTER HIER X LIEFDE
OUERS ++

was 'n redelike sneeuval en jagsneeu. Grunehogna lyk hier aan die westekant of dit met wit versiersuiker gesprinkel is.

~~Clas~~ Anton, Chris en ek het die tolans toboggan wat Anton & Clive verlede jaar hier gelos het gaan uitgrawe en kamp toe gebring. Wilf het sweiswerk aan die bak gedoen toe.

Origens het ons nie veel kon doen nie, behalwe om die 6 silinders se olie om te ruil.

Ons radiokontak was baie goed. Ek het 'n telegram vir Rina gestuur dat Henry namens my 17e sal bel, en ek het 'n lys vir Henry gegee wat hy alles vir Rina moet vra. Ek het gevra dat hul 'n bandopname van die gesprek moet maak, en ek hoop dat Robbie sal kan doen soos hy belowe het, en wat dit moontlik is.

Ek het so 200 tree probeer ski, dog die oppervlakte vir die klein te min helling was te sag.

Dit was vandag ook nie vreeslik koud nie, en die oppervlakte, met die sneeuval is baie sag.

Woensdag 16 April 1969.

Ons is nog altyd by Grunehogna, en het 'n baie winderige dag met baie jagsneeu gehad. Oornag het ± al die sneeu weggewaai van die oppervlakte, sodat dit redelik hard was. Waar 'n Muskeg gery het, en die oppervlakte was getrap was het al die los sneeu rondom weggewaai. Die spoor staan nou so 2½" bo die oppervlakte.

Clive en Wilf het twee sleës geneem na Slettfell-op pad na Pyramiden depot. Ons het die res van die sleës "gelaai" en 'n paar

ander klein dingetjies rondom die kamp gedoen. Teen 4 nm was die temp. −15°C en die son het 4:07 onder gegaan.

Die wind het algaande verger, sodat dit vanaand ± 40 knope waai, met min jagsneeu.

So, as die weer dit toelaat, behoort ons nog 1 dag hier te bly om aan die slees te werk, en dan kan ons verder aangaan.

By die Basis gaan dit vanaand baie jolig. Ons het 'n woord van elkeen gekry, en almal was in 'n feestelike stemming. Die rede is, dat dit vandag Phil se verjaarsdag is. Almal dryf ook spot met Gordon wat deur 'n Husky op sy boud gebyt is.

Môre is telefoonoproepe, en ek hoop dat hul goeie kommunikasie sal hê. Ek is net baie jammer dat ek nie self met Rina kan praat nie.

Donderdag 17 April 1969.

Dit was vandag net mooi 'n week wat ons hier by Grunehogna is. Die wind was vandag weer ± 30-40 kilometer met lae jagsneeu.

Wilf en Clive het aan die slees gewerk, terwyl die res van ons die depot na 'n klompie uitstaande klippe suid-wes van die berg verskuif het. Indien die weer dit toelaat, sal ons miskien môre van hier kan verskuif. Wilf moet nog aan een slee werk.

Ons radiokontak was baie swak — ons kon net 'n kort brief van Ma ontvang. So ek weet nie hoe dit met die telefoonoproepe gegaan het nie. Ek hoop hul kon 'n bandopname maak van Rina se antwoorde ens.

Vrydag 18 April 1969.

Vanmôre het ons 9 vm opgestaan, en begin om alles in orde te kry vir ons vertrek. Terwyl ons die tente afgebreek, en die slees reggekry het, het Wilf gou finale werk aan 'n slee gedoen. Ons het die Polaris tologgan wat ons by die depot gelos het opgelaai, en is 1 nm van daar weg. Ken het voor gery met die ander tologgan, en twee ligte klein slees.

Die weer was nie baie goed nie. Ons het 'n totale witsig gehad naderhand, dog kon nog ons rigting op die berge-kamme bepaal. Later kon ons geen berge a.g.v. witsig sien, en Clive het voor gery om koers aan te dui. Die tologgan het intussen gebreek – 'n skakel in die trekketting, en ons het dit ook opgelaai.

Vanaf 3 nm het dit begin sneeu, met 'n ligte wind, en vanaand sneeu dit betreklik hard.

Ons het tot 6:15 nm gery, toe dit, met die witsig te donker begin word het. Ons het ±17 kilometer gevorder, en is so te sê by Slettfjell op die ysbult.

Die oppervlakte was baie hard, met hoë harde sastrugi, wat baie stampery veroorsaak het. Behalwe vir die laaste entjie teen die ysbult op, kon ons al 9 slees trek. Ons moes 3 agter los, en die het Clive en Wilf gaan haal na ons gestop het, terwyl die res van ons kamp opgeslaan het.

Chris het vir ±35 minute probeer om kontak met Sanae te maak, dog kon niks hoor nie. Toe ek sal nog 'n dag moet wag om te hoor wat Rina te sê gehad het, en ek

PS 001 GROBLER SANAE 16/4/69

LIEFSTE ALPHIE BAIE DANKIE VIR JOU BRIEF EN BLOMME X DIT WAS FANTASTIES X EK WAARDEER DIT VREESLIK BAIE X DIE KOUE HET N GOEIE UITWERKING OP JOU X BY ONS IS DIT NOU BAIE KOUD EN REENERIG X DIT RAAK NOU WINTER X EK HOOR CHARL VOSTER IS OOK VERLOOF EN HET WEER N NUWE BMW GEKOOP X VERDER WERK EK BEDAGS SO HARD DAT AS EK DIE AAND NIE WERK NIE EK VROEG AAND IN DIE BED KLIM X O JA MY BAAS IS NOU BEVORDER TOT BESTURENDE DIREKTEUR VAN DIE HELE BOEKHANDEL GROEP X TRUST BANK HET BEURS BETAAL X ALLES IN RDE X AL MY LIEFDE

RINA +++

As die weer dit toelaat, en ons kan vroeg môre oggend weg, behoort ons Pyramiden te haal met ook dieselfde oppervlaktes as vandag.
Ek het vanaand 'n slegte hoofpyn, en sal vroeg moet gaan slaap.

Saterdag 19 April 1969.

Die weer het toe alles behalwe toegelaat dat ons vandag kon ry. Dit was van-môre heeltemal uitsig, sodat ons Slettfjellklumpen gladnie kon sien nie. Of geen horison nie.

Met verloop het die sigbaarheid baie effe verbeter, sodat ons die berg net kon uitmaak. Clive het intussen 2 slees so 6 kilo-meter oor die ysplato genoem, terwyl Wolf. Thea se olie vervang het. Later het hul met hg. nog 2 slees kon neem. Leon, Anton en ek het toe met die sneeuskooter na Slettfjellnutane gery en probeer ski teen die helling af. Mutte twee kon goed ry, dog ek sukkel maar om my balans te hou. Dit is baie moeilik met die uitsig, 'n mens kan niks van die op-pervlaktes uitmaak. Die ~~saa~~ oppervlakte is te hard, met sagte sastrugi kolle, en die helling te groot vir my as 'n beginner. Dit gaan te vinnig afdraand.

Ons radiokontak was vanaand baie goed. Henry het die notas wat hy van Rina se telefoonoproep gemaak het nie by hom gehad nie. Rob het 'n onderdeel van die radio ook nie byder-hand gehad om vir my die bandopname te speel nie. Ek het darem 'n baie aangename brief van Rina gekry. Die afstand wat die brief gekom het was fantasties, as 'n ag geneem word dat sy dit 16e April geskryf het. Ek verlang vanaand baie, en is baie ... die ... om vir haar 'n brief te skryf.

Dit het die hele dag gesneeu, met 'n geringe wind, dog vanaand vererger die wind algaande. Ek hoop en vertrou dat ons môre-oggend vroeg kan wegkom.

---

Slettfjellnutane,
Antarktika.
19/4/64.

Liefste Rina,

Ek is nou net vanaand in 'n luim om vir jou te skryf. Wat weet ek eintlik nie. Ek sou nou baie beter gevoel het as ek die bandopname gehoor het van jou en Henry se gesprek. Ook het Henry nie die notas by hom gehad wat hy van julle gesprek gemaak het nie. Al wat hy onthou het, was dat julle na Bellhof gaan trek. Ek het darem 'n baie vars brief van jou gekry, wat jy die 14e geskryf het. Ek is bly dat jy van die blomme gehou het, en sal dit nou elke maand moet doen. Dit verskaf vir myself ook baie plesier.

In die briewe wat ek met die R.S.A. vir jou gestuur het, het ek genoem dat ek vir jou sal skryf, en jy so af en toe vir my ook. Wel, dit is die eerste kans wat ek kry terwyl ek lus voel vir skryf. Die ander kere was daar nie veel kans nie.

Ek wonder baie hoekom julle na 'n ander woonstel verhuis. Is die huidige te groot, is die nuwe beter geleë, en goedkoper? Vir my gevoel is julle huidige baie geskik, en jou Ma het 'n motorhuis vir haar motor met pakplek ook.

Wat tot sover gebeur het, is hopeloos te veel om nou in uit te brei. Dit kan jy alles in my dagboek lees.